21 Junie 2020

FAMILIE TUISBLAD

Rom. 8:1-11

ons storie

Wat beheer julle gesin. Dink bietjie daaroor na. Is dit tyd of 'n horlosie of is dit 'n roetine of is dit kos of is dit werk of is dit gesins tradisies.
Dalk is daar in die week 'n ander "wet" as oor naweke.
Dink na oor wat motiveer julle om te leef soos julle leef.

ons nuwe storie

Dink weer na oor julle roetine van elke dag. Hoeveel van die dinge wat ons doen word gemotiveer deur die liefde.
Dis dalk meer as wat ons dink. Dalk is die liefde nie voorop nie bv. ons word gedryf deur die etes van elke dag, maar agter die eet lê die liefde wat wys in versorging, iemand wat moeite doen om kos te koop en voor te berei in 'n maaltyd.

GOD se storie

Die Here het toe Hy opgevaar het hemel toe vir ons die Heilige Gees gestuur om ons te lei.
Baie mense dink die leiding van die Gees is om al die pret van die lewe van ons weg te neem. Ons mag nou nie meer dit of dat doen nie.
Inteendeel die leiding van die Gees wil ons vrymaak. Ons wil nou dit of dat doen!
Die "wet" waarvolgens die Heilige Gees ons lei is Liefde.

Rituele en gewoontes

As die Gees ons lei en ons vrymaak deur die weg van die liefde te te volg, kies as gesin saam een nuwe gebruik wat julle gaan instel wat deur die onderlinge liefde gemotiveer word.

Kies egter ook een gebruik wat julle wil instel wat julle aan iemand buite die huis wil doen wat gedrink word deur julle liefde vir julle naaste.